GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Waag om vrygewig te wees

Opening

Ons is amper aan die einde van ons onbeskaamd reeks. Dankie vir julle elkeen van saam met ons op reis gegaan het om onbeskaamd in ons geleef te leef. Deel met mekaar wat hierdie reeks vir jou geloof beteken het.

_____

_____

Inleiding

In Psalm 1 lees ons van `n boom wat vrugte dra. Twee aspekte van hierdie boom staan uit; 1) hy is op die regte plek geplant en 2) vrugte kom op die regte tyd. Hoe help dit ook vir ons iets verstaan van hoe geloof werk.

_____

_____

INHOUD & GESPREK

In die Woord is daar `n paar temas wat uitstaan en dit kom herhaaldelik in die Bybel voor. Hieronder is liefde, geloof, gebed ens. Een van die temas wat meer as al die ander voorkom is rondom die begrip vrygewigheid. Hierdie begrip kom meer as 2000 keer in die Bybel voor. Ons sou dit nie kon ignoreer nie.

Hoekom dink julle kom dit soveel keer voor? Wat gebeur in jou hart as jy die woordjie gee hoor?

_____

_____

KOM ONS LEES

Hieronder is `n klompie tekste wat oor gee gaan. Lees dit en deel met mekaar wat julle hoor.

- Deuteronomium 14:23
- Spreuke 14:31
- Matteus 6:21
-Lukas 11:40-41
-Matteus 6:19, 24
-Matteus 6:17-18
-Lukas 16:11

Daar is `n paar redes wat ons hieruit kan aanvoer waarom vrygewigheid vir God belangrik is. Gesels hieroor en miskien is daar nog waaraan julle kan dink

1. Vrygewigheid eer God
2. Vrygewigheid bring my nader aan God
3. Vrygewigheid maak my meer soos Jesus
4. Vrygewigheid is die enigste genesing vir Materialisme
5. Vrygewigheid wys my karakter
6. Vrygewigheid bring invloed

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Vrygewigheid kan maklik net `n daad word wat ook nie veel beteken nie. Ek kan gee sonder om lief te hê maar iemand kan nie lief hê sonder om te gee nie. Wat maak die vrygewigheid van christene anders as ander mense?

_____

_____

_____

_____

_____

Slot

Iets in ons gaan moet verander as ons onbeskaamd in ons vrygewigheid God wil eer. Lees Rom 12:1-2 en deel met mekaar wat julle dink ons kan doen.

_____

_____

Amen...